



The Office Of The Principal and Vice - Chancellor

**PROF MANDLA MAKHANYA, PRINSIPAAL EN VISEKANSELIER
UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA
HERDENKING VAN DIE ONDERTEKENING VAN DIE 3-JAAR-
MEMORANDUM VAN OOREENKOMS TUSSEN UNISA EN NEMISA
O.R. TAMBO-GEBOU, 13DE VLOER, “VIP LOUNGE”**

13 MEI 2019

Unisa, as ’n toonaangewende akademiese instelling in Afrika en Suid-Afrika, is trots daarop om hierdie Memorandum van Ooreenkoms vir drie jaar, met NEMISA te onderteken. Die belegging in Kennis vir Innovering – ook bekend as K4i – is in noue ooreenstemming met die strategiese doelwitte van ons Universiteit.

K4i fokus op navorsing oor digitale vaardighede. NEMISA en die Suid-Afrikaanse digitalevaardighede-agenda het die algehele doelwit om digitale vaardighede in Suid-Afrikaners se lewens in te bed – vir

individuele en gemeenskapsontwikkeling; rykdomgelykheid; werk- en entrepreneurskapsgeleenthede, en mededingendheidsvoordeel.

Unisa is nie net 'n oopafstand- en e-leer-instelling met 'n nasionale teenwoordigheid nie; die funksionering daarvan is afhanklik van inligting- en kommunikasietegnologie (ICT). Een van ons kernnavorsingsterreine is inligting- en kommunikasietegnologieë vir ontwikkeling (bekend as ICT4D). ICT4D verwys na die gebruik van ICT vir ontwikkeling met die doel om die menslike toestand te verbeter. ICT4D is ook een van Unisa se vyf vlagskip-navorsingsprojekte.

Unisa se navorsing neem die volgende in ag:

- kennisgenerering en die ontwikkeling van menslike kapitaal in antwoord op die behoeftes van Suid-Afrika en die Afrika-kontinent
- die bevordering van demokrasie, menseregte en verantwoordelike burgerskap
- innovering en die bou van kapasiteit in wetenskap en tegnologie
- ekonomiese en omgewingsvolhoubaarheid
- oopafstandleer

Dit is duidelik dat navorsing oor digitale vaardighede deel is van hierdie groter fokus.

Die samewerking met NEMISA rakende K4i verteenwoordig werklike samewerking. K4i is 'n navorsingsentiteit wat gekoppel is aan die nasionale vaardighedsagenda – deur NEMISA, wat onder die Departement Telekommunikasie en Posdienste (DTPS) val.

Die navorsing oor digitale vaardighede behels velerlei vennootskappe. Nege ander Suid-Afrikaanse universiteite is deel van die NEMISA-provinsiale netwerk, en hierdie universiteite beskik oor digitalevaardighede-CoLabs. Hierdie provinsiale CoLabs vervul baie rolle, insluitende navorsing. K4i bied landswyd koördinerings- en leiding vir digitalevaardighedenavorsing aan. As Unisa se digitalevaardighedenavorsing-arm, het K4i ten doel om bevindinge te verskaf vir bewysgebaseerde besluitneming.

Unisa is trots daarop om in hierdie multibelanghebbende-omgewing te werk – 'n bewys dat navorsing en samewerking kan werk en dat dit Suid-Afrika kan vorentoe neem. Die digitalevaardighede-CoLabs is by die volgende universiteite:

- University of the Western Cape

- Durban University of Technology
- Walter Sisulu University
- University of Limpopo
- Vaal Universiteit van Tegnologie
- Noordwes Universiteit
- Universiteit van Mpumalanga
- Sentrale Universiteit van Tegnologie

Ons is dankbaar dat NEMISA vir Unisa gekies het om die digitalevaardighede-navorsing te lei.

Uit die werk wat gedoen word – deur Unisa en al die ander akademiese instellings – blyk dit duidelik dat tersiêre instellings ’n belangrike rol te speel het in Suid-Afrika se ontwikkeling. Ons is nie meer geïsoleerde ivoortorings wat kennis bewaak nie, maar belangrike spanspelers wat positief tot die samelewing bydra. Ons werk nie alleen nie. Soos gesien kan word uit die werk wat deur K4i gedoen word, werk ons met die staat, met die burgerlike samelewing, met akademici en sakelui saam.

Die K4i-navorsingswerk as deel van die algehele digitalevaardighede-inisiatief lei tot groeiende digitalevaardighede-kapasiteit ... op alle vlakke ... in Suid-Afrika. Digitale vaardighede is noodsaaklik sodat Suid-

Afrika ten volle aan die Vierde Nywersheidsomwenteling kan deelneem. Navorsing oor digitale vaardighede is deurslaggewend vir bewysgebaseerde besluitneming ten opsigte van die digitalevaardighede-agenda.

Ons bedank NEMISA en al die belanghebbers vir die werk wat tot dusver gedoen is. Ons is ook dankbaar teenoor NEMISA vir die deurlopende ondersteuning en die vertroue in Unisa. Die Memorandum van Ooreenkoms toon dat NEMISA die befondsing vir die werk wat deur K4i en Unisa gedoen is, verdubbel het. NEMISA het die befondsingsgeld verhoog van R5.85 mn oor die laaste twee jaar, na 'n belegging van R6.1 mn vir hierdie komende jaar. Dit wys dat ons waarde en kritieke vaardighede vir die groter digitalevaardighede-agenda voorsien.

Gesamentlik – met al die betrokkenes – sal ons voortgaan om die ontwikkeling van Suid-Afrika en haar mense uit te brei.